DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

19 Februarie 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 15: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 91: 1, 8
Sing	Ps. 48: 1, 5	Sing	Ps. 95: 1, 2
	Ps. 19: 5, 6		Ps. 34: 1, 2
	Sb. 11-3: 8 - 10 (16)		Ps. 34: 7, 8
	Sb. 2-7: 2, 3 (37)		
Skriflesing	Daniël 7	Skriflesing	Galasiërs 1: 1 - 10 en 5: 1 - 12 HK Sondag 11, Vraag 30
Teks	Daniël 7: 23 - 26	Teks	Galasiërs 1: 6 – 8 en 5: 2
Tema	Die vierde dier op sy hoogtepunt en dan ... sy einde	Tema	Jesus is geheel en al jou Verlosser of Hy is glad en geheel nie jou Verlosser nie
Katkisasie-opening: Psalm 100: 1 en 4			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Aanvaar

- Proponent PJ Hattingh (Peter) na Okahandja
- Proponent PF Venter (Peter) na Vanderbijlpark Trinitas

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BRUIKLEEN VAN MEDIESE TOERUSTING

Ons wil graag `n inventaris opstel van mediese toerusting en hulpmiddels wat in die gemeente beskikbaar is. Lidmate wat bereid is om hulle rolstoel, bloeddruk masjien, krukke of enige ander items beskikbaar te stel vir gebruik in die gemeente, kontak asseblief sr. Karen van Wijk (083 454 8645).

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 5:3 e.v. / Aand: Handelinge 5:5 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor Dinsdag, 21 Februarie om 09h00 gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za.

FINANSIËLE JAAREINDE

Die finansiële jaareinde is 28 Februarie en alle komitees word vriendelik versoek om enige eise vir hierdie finansiële jaar betyds aan die kassiere, sr. Willina Cilliers, deur te stuur. (082 738 1809 of kassier.gkbellville@gmail.com)

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. Lidmate wat graag die kamp wil bywoon, skryf asseblief u naam so gou as moontlik op. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).

Koste: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For over 100 members and regular attendees since the RCSS started in 2012, of which over 50 members and over 15 regular attendees currently attend worship
Prayer: For our homeless regular attendee, Bob (from the Congo), to get a permanent place to stay; he now has a job

SENIORS

Daar word 'n besoek aan Snowflake Meule en Blue Ribbon Bakkery beplan vir DV **Maandag, 27 Februarie**. Meer inligting, asook 'n naamlys, is op die kennisgewingbord. Vandag is die laaste geleentheid om u naam op te skryf! Vir enige navrae kontak asseblief sr. Geertje Groenewald (083 709 6698).

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons benodig nog hulp met die vervoer van 30 kinders op Vrydag, 17 Maart vanaf Laerskool de Waveren na die Wemmershoek Voortrekker Kampterrein buite Franschhoek. Die afstand is ongeveer 60km. Dinsdag, 21 Maart vertrek ons weer om 10h00 vanaf die kampterrein. Indien u bereid is om te help met die vervoer (beide of slegs een van die ritte), skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord.

Ons is baie dankbaar dat die Here reeds voorsien het in bybels om aan die kinders te gee, asook al die hulp met die kamp. Dink asseblief steeds aan die projek in u gebede.

SUSTERS

Susterskas

Die fondse in die Susterskas word aangewend vir gemeentefunksies, lopende uitgawes en donasies aan verdienstelike instansies. Susters wat graag 'n vrywillige bydrae aan die Susterskas wil maak, kan kontant in 'n gemerkte koevert in die kassiere kissie plaas of 'n EFT doen met die verwysing SUSTERSKAS.

Teeskinkbeurte

Vandag: Wyke **Chrismar (Julia van Wijk)**, Monte Vista (Marie Mulder) en Goedemoed (Jethie Buys)
Woensdag: Wyke **Boston 1 (Mariet Nijeboer)** en Panorama (Marlize Labuscagne)
Volgende Sondag: Nagmaal – alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na die gemeente-ete

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Brs. Paul Swart, Dick van der Wilt, Herman Boneschans, **Jaco Coetsee**
Volgende week: Brs. Pieter van Niekerk, Stefan Bezuidenhout, Dirk Kruger, Martin van der Walt

Ouderlinge

Vandag: Brs. Ben van der Walt, Gert Mulder, Elzar Wendt, Ruhan Coetzee
Volgende week: Brs. Berend Meijering, Niël van Hoving, Wilhelm Groenewald, Ben Groot

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Gustaaf Costerus, Riaan Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Daan Joubert, Ferdinand Hoffman

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT VIR 2017

Februarie: 27/02 Boston 1
Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen
April: 24/04 Loevenstein

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Diakonale Kas
By die deure:	Teologiese Studentekas	Instandhouding van Eiendomme

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV Sondag, 26 Februarie tydens die oggend erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so 'n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.

Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraadsvergadering **Woensdag, 22 Februarie**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

Gemeente-ete

Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete volgende Sondag na die Nagmaal-erediens. Elke gesin bring asseblief 'n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief 'n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS

Borg 'n Bybel

Vanaand om 17h00

Kerkraad

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van ouderling of diaken, aan die skriba te gee.

5. VERJAARSDAE

Vandag	Br. Dewald Costerus Sr. Henda Koen	021 910 1942 / 083 441 9777
20/02	Sr. Kobie Coetzer	084 602 3439
21/02	Sr. Linda Coetzee	021 794 1991 / 082 379 1172
22/02	Sr. Elaine Costerus Annelie van Wijk (16 jaar)	021 903 2665 / 083 702 8688 021 910 1945
23/02	Sr. Etresia Hendricks Br. Dirk Kruger	021 987 0266 / 084 472 4648 021 930 5468 / 083 270 4178
24/02	Br. Marius Douglas Br. Ferdinand Hoffman	021 913 0722 / 082 873 4456 082 701 5729
25/02	Br. Marten Daling Sr. Anna-Marie Joubert Lika Koegelenberg (2 jaar) Br. Erasmus Smit Br. TW van Zyl	021 913 1290 / 083 630 9920 021 939 2844 074 141 3260 071 485 6136 082 446 1909

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609

Kerkkantoor: Donderdae 09h00 - 13h00

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809

Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger,
Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205

www.gkbellville.org https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za